Argief.

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

*UITGAWE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

**10c** **Dinsdag, 29 April 1969** **WINDHOEK** **Tuesday, 29. April 1969** **No. 2993**

ARGIEF-ARCHIVES WINDHOEK

Die volgende Ontwerpordonnansies word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

The following Draft Ordinances are published for general information.

J. J. KLOPPER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

**INHOUD**

Wysigingontwerpordonnansie op die Gebiedsontwikkelings- en Reserwefonds 1969 . . . . . . 984

Verdere Wysigingsontwerpordonnansie op Natuurbewaring 1969 . . . . . . . . . . . 986

Munisipale Verdere Wysigingsontwerpordonnansie . 992

**CONTENTS** *Bladsy/Page*

Territorial Development and Reserve Fund Amendment Draft Ordinance, 1969 . . . . . . . 985

Nature Conservation Further Amendment Draft Ordinance, 1969 . . . . . . . . . . . 987

Municipal Further Amendment Draft Ordinance, 1969 993

# ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie op die Gebiedsontwikkelings- en -reserwefonds 1944, om voorsiening te maak vir die uitbetaling van lenings aan persone in die diens van die Administrasie om grond aan te skaf en 'n woning daarop op te rig of om 'n woning aan te skaf of om 'n bedrag terug te betaal wat op 'n aangeskafte woning verskuldig is of om verbeterings aan so 'n woning aan te bring.

---

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Wysiging van artikel 6 van Ordonnansie 13 van 1944, soos gewysig by artikel 36 van Ordonnansie 39 van 1955.

1. Artikel 6 (1) (g) van die Ordonnansie op die Gebiedsontwikkelings- en -reserwefonds 1944 (Ordonnansie 13 van 1944) word hierby gewysig deur na paragraaf (b) die volgende paragraaf in te voeg:—

„(c) Vir die uitbetaling aan persone in die staatsdiens en ander persone, wat in die diens van die Administrasie is, van lenings ten einde sodanige persone in staat te stel om grond aan te skaf en 'n woning daarop op te rig, of om 'n woning aan te skaf, of om 'n bedrag terug te betaal wat verskuldig is op 'n reeds aangeskafte woning, of om verbeterings aan te bring aan enige so 'n woning, onderhewig aan sodanige voorwaardes soos die Administrateur goedkeur.".

Kort titel.

2. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op die Gebiedsontwikkelings- en -reserwefonds 1969.

---

# DRAFT ORDINANCE

To amend the Territorial Development and Reserve Fund Ordinance, 1944, to provide for the payment of loans to persons in the service of the Administration for the acquisition of land and the erection thereon of a dwelling, or for the acquisition of a dwelling, or for the repayment of an amount owing on an acquired dwelling or for bringing about improvements to any such dwelling.

---

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Amendment of section 6 of Ordinance 13 of 1944 as amended by section 36 of Ordinance 39 of 1955.

1. Section 6 (1) (g) of the Territorial Development and Reserve Fund Ordinance, 1944 (Ordinance 13 of 1944) is hereby amended by the insertion after paragraph (b) of the following paragraph:

"(c) For the payment to persons in the public service and other persons, who are in the service of the Administration, of loans in order to enable such persons to acquire land and to erect a dwelling thereon, or to acquire a dwelling, or to repay an amount owing on a dwelling already acquired, or to bring about improvements to any such dwelling subject to such conditions as the Administrator may approve.".

Short title.

2. This ordinance shall be called the Territorial Development and Reserve Fund Amendment Ordinance, 1969.

---

# ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie op Natuurbewaring 1967, om in artikel 2 'n woordbepaling van „jagseisoen" in te voeg; om artikel 4 te vervang; om artikels 17 (4) en 19 te wysig; om die bepalings van artikel 24 (1) (a) uit te brei; om in artikel 28 voorsiening te maak vir die betaling van 'n bedrag vir toestemming om te jag vir trofeë: om die bepalings van artikel 30 duideliker te stel; om artikel 30A in te voeg wat 'n misdryf skep as iemand nie voldoende rekenskap kan gee van die besit van wildsvleis, 'n wilde dier of die karkas of eier van so 'n dier nie; om bylaes 2 en 3 te wysig, en om vir verwante sake voorsiening te maak.

---

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Wysiging van artikel 2 van Ordonnansie 31 van 1967.

1. Artikel 2 van die Ordonnansie op Natuurbewaring 1967 (Ordonnansie 31 van 1967) — hierna die hoofordonnansie genoem — word hierby gewysig deur na die woordbepaling van „jag" die volgende woordbepaling in te voeg:—

„ 'jagseisoen' die tydperk bepaal deur die Administrateur ingevolge artikel 4;".

Vervanging van artikel 4 van Ordonnansie 31 van 1967.

2. (1) Artikel 4 van die hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:—

„Bepaling van jagseisoen.

4. (1) Die Administrateur kan van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* —

(a) in enige jaar 'n jagseisoen bepaal wanneer wild genoem in bylaes 3 en 4 van hierdie ordonnansie of enige soort of geslag daarvan soos in sodanige kennisgewing bepaal, ingevolge die bepalings van artikels 8 en 10 maar behoudens die ander bepalings van hierdie ordonnansie gejag kan word;

(b) die getal beperk van enige soort of geslag van wild wat binne 'n jagseisoen gejag kan word;

(c) bylaes 1, 2, 3 en 4 van hierdie ordonnansie wysig deur die naam van enige soort of geslag van wild te skrap of sodanige naam oor te plaas van die een bylae na 'n ander bylae of aan enige sodanige bylae die naam van enige soort of geslag van wild wat nie by enige van vermelde bylaes ingesluit is nie, toe te voeg.

(2) Enige jagseisoen of wysiging van enige sodanige bylaes kan van toepassing gemaak word ten opigte van die hele Gebied of op enige in so 'n kennisgewing omskrewe gedeelte of gedeeltes van die Gebied.".

# DRAFT ORDINANCE

To amend the Nature Conservation Ordinance, 1967, to insert a definition of "hunting season" in section 2; to substitute section 4; to amend sections 17 (4) and 19; to extend the provisions of section 24 (1) (a); to make provision in section 28 for the payment of a sum of money for permission to hunt for trophies; to state the provisions of section 30 more clearly; to insert section 30A which creates an offence when a person fails to account satisfactorily for the possession of game meat, a wild animal, or the carcase or egg of any such animal; to amend schedules 2 and 3, and to provide for matters incidental thereto.

---

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Amendment of section 2 of Ordinance 31 of 1967.

1. Section 2 of the nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 31 of 1967) — hereafter called the principal ordinance — is hereby amended by the insertion of the following definition after the definition of 'hunt":—

" 'hunting season' means the period determined by the Administrator in terms of section 4;"

Substitution of section 4 of Ordinance 31 of 1967.

2. (1) The following section is hereby substituted for section 4 of the principal ordinance:

"Determination of hunting season.

4. (1) The Administrator may from time to time by notice in the *Official Gazette* —

(a) in any year determine a hunting season during which game mentioned in schedules 3 and 4 of this ordinance, or any species or sex thereof as determined in such notice, may be hunted in terms of the provisions of sections 8 and 10 but subject to the other provisions of this ordinance;

(b) limit the number of any species or sex of game which may be hunted during a hunting season;

(c) amend schedules 1, 2, 3 and 4 of this ordinance by deleting therefrom the name of any species or sex of game, or by transferring such name from one schedule to another, or by adding the name of any species or sex of game not included in any of the schedules mentioned, to any such schedule.

(2) Any hunting season or amendment of any such schedules may be made applicable to either the whole Territory or to any portion or portions of the Territory defined in such notice."

Wysiging van artikel 17 van Ordonnansie 31 van 1967.

3. Artikel 17 (4) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „of, behoudens die bepalings van subartikel (3), 'n vuurwapen," in te voeg na die woorde „wilde dier,".

Wysiging van artikel 19 van Ordonnansie 31 van 1967.

4. (1) Artikel 19 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „wild, luislang of likkewaan" waar hulle ook al voorkom in subartikels (1) en (2) te vervang deur die woorde „wilde dier".

(2) Die kantskrif by artikel 19 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „wild, luislange en likkewane;" te vervang deur die woorde „wilde diere".

Wysiging van artikel 24 van Ordonnansie 31 van 1967.

5. Artikel 24 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) (a) te vervang deur die volgende paragraaf:—

„(a) dat elk sodanige geskenk vergesel moet gaan —

(i) in die jagseisoen, van 'n sertifikaat of brief in ink deur die skenker, waarin die naam van sodanige skenker en die datum van sodanige geskenk aangegee word, en

(ii) buite die jagseisoen, van 'n permit uitgereik deur die landdros van die distrik waarin die skenker woon, in 'n vorm soos deur die Sekretaris goedgekeur; en".

Wysiging van artikel 28 van Ordonnansie 31 van 1967.

6. Artikel 28 (1) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „teen betaling van 'n bedrag van R25 en" in te voeg na die woord „uitgereik".

Wysiging van artikel 30 van Ordonnansie 31 van 1967.

7. Artikel 30 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikels (1), (2) en (3) te vervang deur die volgende subartikels:—

„(1) Niemand mag die ondergenoemde verkoop nie:—

(a) Wild of wildsvleis (hetsy vars of gedroog), of biltong, of

(b) die velle van wild wat klaarblyklik onder die ouderdom van een jaar is:

Met dien verstande —

(i) dat die eienaar of bewoner van grond sodanige wild, wildsvleis, biltong of velle kan verkoop met die toestemming van die Administrateur en behoudens enige voorwaarde wat hy oplê insluitende die bedrag van die gelde wat vir sodanige wild, wildsvleis, biltong of velle betaal moet word; en

(ii) dat enige gelisensieerde slagter enige wildsvleis of biltong kan verkoop wat hy ingevolge voormelde bepalings verkry het van die eienaar of bewoner van grond.

(2) Niemand mag opsetlik die ondergenoemde koop nie:—

(a) Wild of wildsvleis (hetsy vars of gedroog) of biltong, of

(b) die velle van wild wat klaarblyklik onder die ouderdom van een jaar is:

Met dien verstande dat niks in hierdie subartikel vervat, beskou word as 'n verbod teen enigiemand om van die eienaar of bewoner van grond enige wild, wildsvleis, biltong of velle of van 'n gelisensieerde slagter enige wildsvleis of biltong wat so-

3. Section 17 (4) of the principal ordinance is hereby amended by the insertion of the words "or, subject to the provisions of subsection (3), a firearm," after the words "wild animal,". Amendment of section 17 of Ordinance 31 of 1967.

4. (1) Section 19 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution of the words "wild animal" for the words "game, python or monitor" wherever they appear in subsections (1) and (2). Amendment of section 19 of Ordinance 31 of 1967.

(2) The marginal note to section 19 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution of the words "wild animals" for the words "game, pythons and monitors;"

5. Section 24 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution of the following paragraph for subsection (1) (a): Amendment of section 24 of Ordinance 31 of 1967.

"(a) every such gift shall be accompanied by —

(i) in the hunting season, a certificate or letter in ink by the donor, giving the name of such donor and the date of such gift, and

(ii) outside the hunting season, a permit issued by the magistrate of the district in which the donor resides, in a form approved by the Secretary; and".

6. Section 28 (1) of the principal ordinance is hereby amended by the insertion of the words "upon payment of an amount of R25-00" after the word "him." Amendment of section 28 of Ordinance 31 of 1967.

7. Section 30 of the principal ordinance is hereby amended by the substitution of the following subsections for subsections (1), (2) and (3):— Amendment of section 30 of Ordinance 31 of 1967.

"(1) No person shall sell —

(a) game or any game meat (whether fresh or dried) or biltong, or

(b) the skins of game obviously under the age of one year:

Provided that —

(i) the owner or occupier of land may sell such game, game meat, biltong or skins with the permission of the Administrator and subject to any condition which he may impose, including the amount of fee payable for such game, game meat, biltong or skins; and

(ii) that any licensed butcher may sell any game meat or biltong which he has acquired from the owner or occupier of land in terms of the afore-mentioned provisions.

(2) No person shall wilfully purchase —

(a) game or game meat (whether fresh or dried) or biltong, or

(b) the skins of game obviously under the age of one year:

Provided that nothing contained in this subsection shall be deemed to prohibit any person from purchasing from the owner or occupier of land any game, game meat, biltong or skins or from a licensed butcher any game meat or biltong which

danige eienaar, bewoner of slagter, na gelang, ingevolge die bepalings van subartikel (1) kan verkoop, te koop nie.

(3) Niemand mag in enige koerant of andersins die verkoop van die ondergenoemde adverteer nie:—

(a) enige wild of wildsvleis (hetsy vars of gedroog), of biltong, of

(b) die velle van wild wat klaarblyklik onder die ouderdom van een jaar is:

Met dien verstande dat niks in hierdie subartikel vervat, beskou word as 'n verbod teen die eienaar of bewoner van grond om die verkoop van enige wild of wildsvleis (hetsy vars of gedroog), biltong of velle, of teen 'n gelisensieerde slagter om die verkoop van enige wildsvleis (hetsy vars of gedroog), of biltong wat sodanige eienaar, bewoner of slagter, na gelang, ingevolge die bepalings van subartikel (1) kan verkoop, te adverteer nie.".

Invoeging van artikel 30A in Ordonnansie 31 van 1967.

8. Die hoofordonnansie word hierby gewysig deur na artikel 30 die volgende artikel in te voeg:—

„Onvermoë om voldoende rekenskap te gee van besit.

30A. Iedereen is skuldig aan 'n misdryf wat in besit gevind word van enige wildsvleis of wilde dier of die karkas of eier van so 'n dier en nie in staat is om voldoende rekenskap te gee van sodanige besit nie".

Wysiging van bylae 2 van Ordonnansie 31 van 1967.

9. Bylae 2 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „Duiker (Sylvicapra grimmia)" in te voeg na die woorde „Luislange (Python sebae, Python anchietae).".

Wysiging van bylae 3 van Ordonnansie 31 van 1967.

10. Bylae 3 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die woorde „Duiker (Sylvicapra grimmia)" te skrap.

Kort titel.

11. Hierdie ordonnansie heet die Verdere Wysigingsordonnansie op Natuurbewaring 1969.

such owner, occupier or butcher, as the case may be, is entitled to sell in terms of the provisions of subsection (1).

(3) No person shall advertise in any newspaper or otherwise the sale of —

(a) any game or game meat (whether fresh or dried), or biltong, or

(b) the skins of game obviously under the age of one year:

Provided that nothing contained in this subsection shall prohibit the owner or occupier of any land to advertise the sale of any game or game meat (whether fresh or dried), biltong or skins, or a licensed butcher to advertise the sale of any game meat (whether fresh or dried), or biltong, which such owner, occupier or butcher, as the case may be, may sell in terms of the provisions of subsection (1)."

8. The principal ordinance is hereby amended by the insertion of the following section after section 30:— Insertion of section 30A in Ordinance 31 of 1967.

"Inability to give satisfactory account of possession.

30A. Any person found in possession of any game meat or wild animal or the carcase or egg of such animal and not being able to account satisfactorily for such possession, shall be guilty of an offence."

9. Schedule 2 of the principal ordinance is hereby amended by the insertion of the words "Duiker (Sylvicapra grimmia)" after the words "Pythons (Python sebae, Python anchietae)." Amendment of schedule 2 of Ordinance 31 of 1967.

10. Schedule 3 of the principal ordinance is hereby amended by the deletion of the words "Duiker (Sylvicapra grimmia)." Amendment of schedule 3 of Ordinance 31 of 1967.

11. This ordinance shall be called the Nature Conservation Further Amendment Ordinance, 1969. Short title.

# ONTWERPORDONNANSIE

Ter wysiging van die Munisipale Ordonnansie 1963 om voorsiening te maak vir die aanskaf of aanplant en kweek van bome, struike en plante op grond wat by die munisipaliteit berus en die verkoop van sodanige bome, struike en plante.

---

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Wysiging van artikel 240 van Ordonnansie 13 van 1963.

1. Artikel 240 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) word hierby gewysig deur subartikel (26) deur die volgende subartikel te vervang:—

„(26) bome, struike en plante aanskaf of aanplant en kweek op grond wat by die munisipaliteit berus en sodanige bome, struike en plante verkoop teen 'n prys soos deur die raad bepaal.".

Kort titel.

2. Hierdie ordonnansie heet die Munisipale Verdere Wysigingsordonnansie 1969.

# DRAFT ORDINANCE

To amend the Municipal Ordinance, 1963, to provide for the acquisition or planting and cultivating of trees, shrubs and plants on land vested in the municipality and the sale of such trees, shrubs and plants.

---

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Amendment of section 240 of Ordinance 13 of 1963.

1. Section 240 of the Municipal Ordinance 1963 (Ordinance 13 of 1963) is hereby amended by the substitution for subsection (26) of the following subsection:—

"(26) acquire or plant and cultivate trees, shrubs and plants on land vested in the municipality and sell such trees, shrubs and plants at a price determined by the council.".

Short title.

2. This ordinance shall be called the Municipal Further Amendment Ordinance 1969.